Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V1

SEPTEMBER 2019

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 24 bladsye.

Kopiereg voorbehou

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	• Uittreksel inligting uit bronne • Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne • Defineer historiese begrippe/terme	**30% (15)**
VLAK 2	• Interpretasie van bewyse uit bronne • Verduidelik inligting uit bronne verkry • Analiseer bewyse uit bronne	**40% (20)**
VLAK 3	• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid, en beperkings vas te stel • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings	**30% (15)**

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

Paragraafvraag

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies (✓), wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

  _____•_____•_____
  _____•_____•_____
  _____• ✓✓✓✓ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn, bv.

$$\frac{32}{50}$$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument

2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne vir elke hoofmoment/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun ((aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL-struktuur in gedagte wanneer 'n opstel geassesseer word.

P	**) Punt:** Die kandidaat lei die opstel met ón argument/ón duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet ón punt bevat wat die hoofpunt/argument wat in die inleiding gemaak is, ondersteun.
E	**Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is
E	**Voorbeeld:** Die kandidaat moet die vraag beantwoord deur inhoud te selewkteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou.
L	**Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument duergaans in die opstel onderhou word en samehangend geskry is.d.

2.4.4 Die volgende addisionele simbole MOET gebruik word in die assessering van die opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie — ^
- Verkeerde stelling — _____
- Irrelevante stelling — |
- Repetisie — R
- Analise — A✓
- Interpretasie — I✓
- Argument — LOA ↕

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

(c) Ken óén algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	} 26ï 27
A	VLAK 3	

NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

AANBIEDING → / INHOUD ↓	VLAK 7 Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	VLAK 6 Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	VLAK 5 Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	VLAK 4 Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	VLAK 3 Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	VLAK 2 Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	VLAK 1* Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47ï 50	43ï 46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is.	43ï 46	40ï 42	38ï 39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38ï 39	36ï 37	34ï 35	30ï 33	28ï 29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30ï 33	28ï 29	26ï 27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26ï 27	24ï 25	20ï 23	
VLAK 2 Vraag onbereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20ï 23	18ï 19	14ï 17
VLAK 1* Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14ï 17	0ï 13

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

ÅVraag glad nie beantwoord nie/ totaal irrelevante inhoud geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
ÅVraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1-6
ÅVraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7-13

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: HOE HET DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS TOT DIE KOUE-OORLOG SPANNING TUSSEN DIE SOWJETUNIE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN 1960's BYGEDRA?

1.1

1.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese begrip uit Bron 1A – V1]*

- Dit is ón gespanne verhouding tussen kapitalistiese Amerika en die kommunistiese Sowjetunie, wat deur agterdog, die kernwapenwedloop en kompetisie vir wêreldoorheersing gekenmerk is.
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.2 [*Uittreksel van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Guerrilla-vegters, onder leiding van Fidel Castro, het die eiland se diktator in 1954 omvergewerp, en die kommunistiese regering gestig. (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Die Verenigde State het 'n ekonomiese boikot op Kuba, deur nie-kommunistiese lande, georganiseer
- Het suiker aankope uit daardie land (Kuba) afgesny
- Die VSA het probeer om Castro se kommunistiese regering (Die ÓBay of Pigsô inval) omver te werp. (Enige 2 x 1) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1A – V2]*

- Die mislukking van die van die ÓBay of Pigsôinval het Castro die held van die kommunistiese wêreld gemaak
- Het die hoop van kommunistiese revolusionêres regdeur Latyns-Amerika aangemoedig
- Het die verhouding tussen die Sowjet-Unie en Kuba verbeter, en sodoende die Sowjet-invloed in die Westelike-halfrond versprei
- Na die ÓBay of Pigsôinval het die Sowjet-Unie missiele na Kuba gestuur ter verdediging van Kuba teen Amerikaanse inval
- Die VSA was bekommerd oor die bestaan van 'n kommunistiese staat in sy agterplaas
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Turkye
- Italië (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Die Sowjet-Unie het op die Jupiter-missiele reageer, deur retoriese veroordeling (verbale beledigings) teen Amerika
- Terwyl die VSA op die ontplooiing in Kuba gereageer het, was daar 'n blokkade op Kuba en dreigemente van ón militêre aanval
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 1) (2)

1.2.3 *[Uittreksel van inligting uit Bron 1B – V2]*

Geregverdig

- Khrushchev was geregverdig omdat hy 'n mede-kommunistiese bondgenoot teen die VSA beskerm het na die ÓBay of Pigsôinval

- Die Sowjet-Unie het sy soewereine reg en vryheid uitgeoefen om met enige land te assosieer (Kuba)
- Hy het Amerika se Jupiter-missiele in Turkye en Italië, wat die Sowjetunie in die gesig gestaar het, teruggeslaan.
  khrushchev wou weerwraagte teen Amerika se jupiter-missiele in Turkye en Italië, wat die Sowjetunie in die gesig staar en dreig
- Hy het niks meer gedoen as om die Amerikaners 'n bietjie van hul eie medisyne te gee nie
- Enige relevante antwoord

Nie-geregverdig
- Die USSR het die VSA uitgedaag deur kommunisme in die westelike halfrond te versprei
- Die USSR het die VSA se oorheersing van die Amerikas uitgedaag
- Die USSR se optrede het amper tot 'n kernoorlog gelei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.4 [Interpretasie van bewyse uit Bron 1B –V2]
Geregverdig
- Khrushchev het reageer op Amerika se ontplooiing van die Jupiter missiele in Turkey en Italië wat die Sowjetunie bedryg het / hy het Ameriak 'n bietjie van hul eie mediseine gegee.
- Khrushchev het missiele na Kuba gestuur nadat hulle vir hulp gevra het
- Khrushchev het sy kommunistiese vriende gehelp
- Khrushchev het Kuba teen die VSA se agressie probeer beskerm.
- Hy het die USSR vryheid van assosiasie and handel te kenne gegee

Nie-geregverdig
- Hy het Amerika op hulle eie magsgebied uitgedaag.
- Hy het in Amerika se agterplaas ingemeng (Latyns Amerika)
- Hy het wereldvrede bedreig deur dreigemente van kern oorlog.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 1) (2)

1.3 *[Vergelyking en interpretasie van bewyse uit Bronne 1A en 1B – V3]*
- Beide bronne verwys na die Bay of Pigsôinval as die hooffaktor wat daartoe gelei het dat Khrushchev missiele na Kuba ontplooi het
- Beide bronne noem die Amerikaanse missiele in Europa wat die USSR bedreig as 'n motiverende faktor dat Khrushchev missiele na Kuba ontplooi het
- Beide bronne noem dat die VSA met dreigemente van militêre vergelding en blokkade op Khrushchev se ontplooiing van missiele na Kuba, gereageer het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4
1.4.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Hul eie (VSA) sekuriteit
- Die hele Westelike-halfrond (2 x 1) (2)

1.4.2 *[Verduideliking van 'n historiese begrip uit Bron 1C – V1]*
- Om alle skepe wat na Kuba onderweg was te stop/terug te wys as daar vragte gevaarlike wapens aanboord was
- Om hierdie gevaarlike (indringende) opbou te stop
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Om Amerikaanse burgers oor die ontplooiing van Sowjet-missiele in Kuba in te lig
- Om Amerikaanse burgers te verseker dat Kennedy en sy administrasie in beheer was
- Om die Amerikaanse burgers van die stappe wat hy van plan is om teen die Sowjet-Unie te neem (blokkade van Sowjet-skepe wat gevaarlike militêre toerusting na Kuba vervoer) in kennis te stel
- Om die ondersteuning van die Amerikaanse regering in die Koue-Oorlog te wen
- Om die Sowjetunie te dreig om sy missiele uit Kuba te onttrek
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5

1.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Khrushchev se aanbod om die Sowjet-kernbasisse in Kuba te sloop (af te breek) as 'n oplossing vir die Kubaanse missielkrisis
- Kennedy wat Khrushchev se besluit om missiele te sloop prys, wat wêreldvrede sou aanhelp
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V3]*

Die bron is bruikbaar omdat:

- Die bron verskaf inligting die besluit aangaade die Kubaanse Missielkrisis
- Dit verwys na Khrushchev se aanbod om kernbasisse in Kuba af te breek
- Dit neom dat Kennedy, Khrushchev se besluit, om die kernbasisse in Kuba te sloop, as 'n "staatemanlike besluit" om vrede aan te moedig, op prys stel
- Dit noem dat die VSA die aanval op Kuba sal verloën en stop
- Dit noem ook die VSA se aanbod om die Kubaanse blokkade te verloën
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 1) (2)

1.6 *[Interpretasie, analiese en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Die omverwerping van die Batista-regime (Bron 1A)
- Castro se revolusionêre program ï Nationalisering van die hoofnywerhede wat deur Amerikaners besit word (Bron 1A)
- Amerika se reaksie op Castro se implementering van sosialistiese beleide (Bron 1A)
- USSR se hulp aan Kuba, bv.koop Kubaanse suiker (Bron 1A)
- Sowjet-Kuba handelsooreenkoms (Bron 1A)
- Kennedy en die ôBay of Pigsô inval fiasko (Bron 1B)
- VSA se persepsie van Castro wat kommunistiese revolusies in Latyns-Amerika bevorder (Bron 1B)
- Kuba se beroep op die USSR vir beskerming (Eie kennis)
- Khrushchev se geheime vervoer en installering van kernmissiele in Kuba (Bron 1B)
- Kennedy se verwerping van die vervoer van militêre toerusting en CIA-amptenare se raad om lugaanvalle op Sowjet-missiele terreine in Kuba te beveel (Bron 1B)
- Khrushchev se teenkanting teen Amerikaanse kernbasisse in Turkye en Italië (Eie Kennis)

- Khrushchev se vasberadenheid om Sowjet-invloed in die Westelike-halfrond/ Karibiese Eilande te versprei (Eie kennis)
- Die ontdekking van Sowjet-kernwapenbasisse in Kuba deur Amerikaanse spioenvliegtuie (Bron 1B)
- Korrespondensie tussen Khrushchev en Kennedy rakende die kernwapen-wedloop (nuclear arms race) (Bron 1D)
- Die VSA se oplegging van 'n kwarantyn/blokkade op alle militêre verskeping na Kuba (Eie kennis)
- Ooreenkoms tussen Khrushchev en Kennedy oor die resolusie van die Kubaanse missielkrisis (Bron 1D)
- Die USSR het ingestem om die kernbasis in Kuba af te breek op voorwaarde dat die VSA nie Kuba binneval nie en kerngebiede in Turkye en Italië sal verwyder (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoorde

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **Toon geen of min begrip van hoe die Kubaanse Missielkrisis tot die Koue-Oorlog spanning tussen die Sowjet-Unie en die Verenigde State van Amerika in 1960's bygedra het nie.** • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor ón onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.	**PUNTE 0-2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou in ón groot mate verband met die onderwerp. bv. **Toon 'n mate van begrip van hoe die Kubaanse Missielkrisis tot die Koue-Oorlog spanning tussen die Sowjet-Unie en die Verenigde State van Amerika in 1960's bygedra het.** • Gebruik bewyse op ón baie eenvoudige wyse om ón paragraaf te skryf.	**PUNTE 3-5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die Kubaanse Missielkrisis tot die Koue-Oorlog spanning tussen die Sowjet-Unie en die Verenigde State van Amerika in 1960's bygedra het.** • Gebruik bewyse baie effektief in ón georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE 6-8**

(8)
[50]

VRAAG 2: WAAROM HET BUITELANDSE NASIES, NA 1975, BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?

2.1

2.1.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Die verhouding tussen Kuba en die MPLA gaan terug tot die middel 1960's
- Verskeie gebeure getuig van toenemende samewerking aangesien die Kubaanse instrukteurs groot getalle MPLA-stryders in Noord-Angola opgelei en geïnfiltreer het om die gewapende stryd in die tweede helfte van die 1960's uit te voer
- Kuba het hoë posisie-offisiere aan die MPLA-leierskap gestuur om die aard van hul hulp te bepaal (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- MPLA
- UNITA
- FNLA (3 x 1) (3)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Dit het die terme van die oorgangsregering bepaal wat die drie bewegings op 31 Januarie 1975 sou vorm
- Dit het die Portugese koloniale heerskappy in Angola beëindig
- Dit het vir Angola onafhanklikheid gebring
- Dit was die begin van die Koue-Oorlog spanning (stryd) tussen die USSR en die VSA in Angola
- Dit het tot Suid-Afrika se betrokkenheid in Angola gelei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Interpretasie van inligting uit Bron 2A – V2]*

Geregverdig

- Suid-Afrika se ingryping was daarop gemik om die MPLA te keer om die eerste regering van bevryde Angola te word . . .
- Pretoria wou apartheid tuis en in Namibië ondersteun
- Daar was gevrees dat 'n MPLA-regering in Angola, SWAPO-guerrillas, wat vir die bevryding van Namibië uit Suid-Afrika se onwettige besetting veg, met militêre basisse sou voorsien
- SA het probeer om die verspreiding van kommunisme in suidelike Afrika te stop omdat SA 'n kapitalistiese land was
- Enige ander relevante antwoord

Nie Gregverdig

- Dit het met die binnelandse sake van 'n onafhanklike land ingemeng
- Dit het die territoriale integriteit van Angola geskend
- Dit het politieke onstabiliteit in Angola geskep
- Dit het die soewereiniteit van Angola geminag
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Amerikaanse Staatssekretaris, Henry Kissinger, het Angola as morele hupstoot vir die VSA gesien, wat sopas 'n vernederende nederlaag in Vietnam gely het

- Kissinger het gehoop om te bewys dat die VSA ten minste in staat was om die kommuniste uit suider Afrika te dryf
- Die Amerikaners het die FNLA en UNITA ondersteun
- Die Amerikaners het Suid-Afrika aangemoedig om Angola vanuit die suide binne te val
- Die VSA het die Angolese hulpbronne soos olie en diamante dopgehou
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Suid-Afrika (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Verduideliking van inligting uit Bron 2B – V1]*

- Dit was die Koue-Oorlog en elke deel van die wêreld moes met die Sowjet-Unie bestry word
- Hulle wou Angola aan die Russe ontken, nie net as gevolg van hul olie nie. Angola het goeie hawens op die Atlantiese kus oorkant Amerika gehad en die vooruitsig van 'n Russiese vlootbasis het Washington bekommerd gemaak
- Die hoofmotief en taktiek van die Amerikaners was eenvoudig om die Sowjet-Unie te laat bloei deur sy Angolese onderneming te duur te maak.

(Enige 2 x 2) (4)

2.2.3 [*Verduideliking van 'n historiese begrip uit Bron 2D – V1*]

- Dit was 'n oorlog wat deur die FNLA en UNITA teen die MPLA geveg is na Angola se onafhanklikheid van Portugal
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Om magtige bondgenote te lok, het albei kante die psalms van die Sowjet-Unie of die VSA gesing. Die supermoondhede was mislei om te glo dat hulle ware dissipels (volgelinge) gehad het.
- 'n Marxistiese regime wat deur die Sowjet-Unie bewapen word en deur Kubaanse troepe beskerm word, wat deur die inkomste van olie, wat deur Amerikaanse maatskappye gemyn word, aan die gang gehou. Hierdie Amerikaanse maatskappye se bedrywighede is deur Amerikaans-gesteunde sosialistiese rebelle aangeval.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3 [*Vergelyking van bewyse uit Bron 2A en 2B – V3]*

- Beide bronne verwys na Kuba se betrokkenheid by Angola, deur die MPLA
- Beide bronne verwys na Suid-Afrika se betrokkenheid, teen die kommunistiese/ marxistiese MPLA
- Beide verwys na VSA en USSR se betrokkenheid in Angola as 'n verlenging van die Koue-Oorlog tussen hulle
- Beide bronne verwys na Kuba wat die MPLA-regering openlik ondersteun
- Beide bronne noem dat die VSA in die geheim en indirek teen die MPLA betrokke was
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 [*Verduideliking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Agostino Neto (1 x 1) (1)

2.4.2 [*Verduideliking van bewyse uit Bron 2C – V2*]
- Om goeie verhoudings tussen Kuba en Angola te bevorder
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

(a)
- Om opposisie te beveg
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

(b)
- Om Angola se ekonomie te verbeter
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.5

2.5.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2*]
- Die Kubaanse (Castro) -betrokkenheid in Angola word deur die Sowjetunie aangevuur (propeller aangedreiwe)
- Kuba (Castro) het Sowjet-wapens aan Angola verskaf (man wat vuurwapen vashou)
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.5.2 *[Die vasstelling van die bruikbaarheid van Bron 2C – V3]*

Kandidate MOET 'n standpunt inneem en meld of dit BRUIKBAAR of NIE-BRUIKBAAR is, en dit ondersteun

BRUIKBAAR:
- Die bron daarop dui dat Kuba en die USSR in Angola betrokke was
- Die bron daarop dui dat Kuba (Castro) wapens aan Angola verskaf het
- Die bron impliseer dat Kuba se betrokkenheid in Angola deur die USSR aangevuur (beheer) is
- Enige ander relevante antwoord

NIE BRUIKBAAR
- Dit gee 'n eensydige perspektief / standpunt
- Dit bied slegs die Amerikaanse siening en dit kan bevooroordeeld wees
- Dit wys nie die Amerika-betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog nie
- Dit kon as propaganda gebruik gewees het om die USSR as . . . uit te beeld
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, analiese en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hul antwoord insluit:

- Ideologiese verskille tussen MPLA, FNLA en UNITA
- Portugal het Angola in ón sleg voorbereide en onstabiele onafhanklikheid in gestoot
- USSR en Kuba het die kommunistiese MPLA ondersteun

- VSA het die kapitalistiese FNLA ondersteun
- Suid-Afrika het UNITA ondersteun
- VSA het nie die kommunistiese MPLA-regering in Angola erken en aanvaar nieï integrasie van Angola se Nasionale Eenheidsregering (Bron 2A)
- Angola se natuurlike rykdom en strategiese ligging het buitelandse nasies gelok
- Determinasie van die VSA om die verspreiding van kommunisme in Afrika te verhoed
- VSA het SA aangemoedig om UNITA te ondersteun
- Kubaanse ingryping
- Amerikaanse steun van Suid-Afrika se ingryping
- MPLA het hulp van die USSR en Kuba gevra
- SWAPO-oorlog teen Suid-Afrika se besetting van Namibië
- Amerikaanse ingryping (verborge tot onverborge) (covert to overt)
- Die VSA se ondersteuning van Savimbi (Eie kennis)
- Savimbi se bosoorlog en menseregteskendings van die Angolese
- Einde van die Koue-Oorlog en verandering in Amerikaanse beleid teenoor Savimbi (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **Toon geen of min begrip van waarom buitelandse nasies, na 1975, by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het nie.** • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor ón onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.	**PUNTE 0-2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou in ón groot mate verband met die onderwerp. bv. **Toon 'n mate van begrip van waarom buitelandse nasies, na 1975, by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.** • Gebruik bewyse op ón baie eenvoudige wyse om ón paragraaf te skryf.	**PUNTE 3-5**
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip van waarom buitelandse nasies, na 1975, by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.** • Gebruik bewyse baie effektief in ón georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.	**PUNTE 6-8**

(8)
[50]

VRAAG 3: HOE HET DIE SWARTMAGSBEWEGING IN DIE 1960'S EN 1970'S TOT DIE OPHEFFING VAN AFRO-AMERIKANERS, DEUR MIDDEL VAN GEMEENSKAPSPROGRAMME, BYGEDRA?

3.1

3.1.1 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Burgerregte Wet (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Uittreksel van bewyse uit Bron 3A – L1]*
- In werklikheid het vooroordeel (vooropgestelde mening) nog steeds bestaan
